

Hoe lyk God se ideale skaap?

[Sinaiverbond (1) – God se verskyning – Eksodus 19:1-25]


In die oorsigtelike artikel oor die verbonde (Artikel “God se ideaal vir die mensdom”) het ons gesien God se ideaal is dat **Hy geëer sal word deur baie mense wat gewillig sy opdragte gehoorsaam in sy skepping**. In die studie oor die Abrahamverbond (Artikel “Daar is net twee groepe mense: skape en bokke”) het dit duidelik geword dat God hierdie ideaal deur sy handeling met die skape sal bereik. Die vraag waaroor ons nou moet besin, is: Hoe gaan die skape moet wees om God se ideaal te verwesenlik? Die Sinaiverbond werp vir ons lig hierop.

Baie tyd het verloop sedert Abraham. Abraham se kleinseun, Jakob, en sy familie moes as gevolg van ‘n hongersnood na Egipte verhuis. Daar het hulle nageslag vir 430 jaar gebly. In hierdie periode het hulle ‘n groot volk geword – in lyn met God se belofte aan Abraham (Genesis 12:2). Gevolglik het die Egiptenare bedreig gevoel, en Israel onderdruk. Toe het die volk tot God geroep om hulp, waarop God Moses as leier van die volk aangestel het. Nadat God die Egiptenare met 10 plaes getref het, het die Faraon hulle laat trek. God het die volk wonderbaarlik by die Rooi See verlos toe al die Egiptenare verdrink het nadat die Israeliete op droë grond deurgetrek het. Nou is hulle op pad na die beloofde land, Kanaän – weereens in lyn met God se belofte destyds aan Abraham. Drie maande na die uittog uit Egipte het die volk by die berg Sinai aangekom.

Terwyl die volk by Sinai is, klim Moses die berg uit. Dan praat God met Moses: “Julle het gesien hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra het en na My toe gebring het. As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ‘n **koninkryk** wat My as **priesters** dien, en ‘n **gewyde** nasie” (Eksodus 19:5-6). Hierdie woorde verduidelik God se verwagting dat die skape sy **koninkryk** van **priesters** en sy **heilige** (d.i. gewyde) nasie moet wees – dan sal God sy ideaal met die mensdom bereik. Kom ons besin oor wat dit beteken om ‘n **koninkryk** van **priesters** en ‘n **heilige** nasie te wees.

Wat is ‘n **koninkryk**? ‘n Koninkryk besit die volgende 4 elemente:

- ‘n Koning: Duidelik behoort hierdie koninkryk aan God, dus is God die koning. Dit is in lyn met God se belofte aan Abraham om vir hom en sy nageslag ‘n God te wees. In die Dawidverbond sal ons meer oor die koning leer.
- Onderdane/burgers: In hierdie koninkryk is die skape (oftewel die ware nageslag van Abraham) die burgers, en volgens die belofte



aan Abraham weet ons die koninkryk het baie burgers, soos wat ons nou al sien in die feit dat Israel reeds 'n groot volk is.

- Land: In hierdie koninkryk is die land die beloofde land Kanaän, soos God aan Abraham beloof het. En, let op, die volk is juis nou op pad na die beloofde land.
- Wette: Enige koninkryk word volgens wette bestuur. Daarvolgens regeer die koning, en daarvolgens moet die burgers leef. Noudat die volk reeds 'n groot volk is en hulle oppad is na die beloofde land, is God juis op die punt om tydens hulle verblyf by Sinai sy wet aan hulle te gee.

Hoekom moet die skape juis 'n koninkryk van **priesters** wees? Soos ons weet is die belangrikste rol van 'n priester dat hy offers bring om versoening te doen vir die tekortkominge en sondes van die burgers van die koninkryk. Verder word die koning ook vereer deur offers wat gebring word. God se wet gee dan ook juis voorskrifte vir die offers wat gebring moet word (d.i. die seremoniële wette soos beskryf in Levitikus) asook riglyne vir hulle lewens (d.i. die morele wet soos beskryf in Eksodus 20:1-17). As priester-burgers van hierdie koninkryk sal die skape dus hulleself moet offer aan God deur hierdie wette te onderhou sodat Hy daardeur geëer word.

Hoekom moet die skape **heilig** wees? Die skape moet die beeld van hulle Koning vertoon: Hy is heilig, daarom moet hulle heilig wees (Levitikus 11:44). Dit impliseer daar sal versoening gedoen moet word vir hulle sondes (aanvanklik deur die bring van offers volgens die seremoniële wette, wat ten diepste heenwys na Jesus wat eenmalig die volmaakte offer sou bring) en hulle sal hulleself moet offer deur God se morele wet te gehoorsaam.

Sodat daar geen twyfel kan bestaan oor wat God se wil is nie, is God nou op die punt om aan hulle sy wet te gee.

Die verdere gebeure by Sinai onderstreep dat God die heilige Koning is van hierdie koninkryk: God beveel deur Moses dat die volk hulle moet reinig sodat hulle gereed sal wees wanneer Hy op die derde dag afkom na die berg toe om sy wet te gee. Die volk moes aan die voet van die berg bymekaarkom, nie een van hulle mag op die berg klim of selfs daaraan raak nie! Op die derde dag is daar donderslae, weerligte en 'n donker wolk op die berg. Daar is ook die sterk helder klank van 'n ramshoring. Die hele berg skud en begin rook toe God in 'n vuur daarheen afkom. Dit is tydens hierdie magtige verskyning van die Here dat Hy sy wet aan die volk gee.

Duidelik is hierdie saak vir God belangrik: Die skape moet deeglik besef hoe groot en heilig Hy is. Verder moet hulle verstaan dat as God sy ideaal met die mensdom wil realiseer, hulle 'n koninkryk van priesters moet wees wat hulleself aan God offer deurdad hulle heilig lewe volgens sy wet. Dit is ononderhandelbaar!

Daar is nog 'n belangrike saak wat ons moet raaksien: Eers nou dat God reeds vir Israel uit Egipte verlos het, hulle op arendsvlerke tot by Sinai gedra het en hulle op pad is na die beloofde land, gee God sy wet waarvolgens hulle

moet lewe. Niemand word ooit gered **omdat** hy God se wet onderhou het nie. Nee, God red Israel voordat hulle die wet besit. Maar Hy red hulle **sodat** hulle sy wet sal onderhou om sodoende aan Hom die eer te bring vir hulle redding.

Elke skaap sal God se wet **volkome** moet onderhou – dan sal God se ideaal met die mensdom realiseer!

Maar is dit moontlik? Watter Mens kan dit doen?